SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2017

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* I H I S T A 3 *

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

## VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

## WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE BOLSJEWISTIESE REWOLUSIE IN RUSLAND IN 1917?

### BRON 1A

Hierdie bron handel oor hoe Vader Gapon van ʼn polisie agent tot ʼn leier van die mense verander het wat namens die gewone mense drastiese hervormings van die Tsaar geëis het.

Vader George Gapon het ʼn beweging gelei wat in die geheim gestig en gelei is deur die polisie. Die Vergadering van die Russiese Werkende Mans het daarna gestreef om die werkers teen die plaag van sosialisme te beskerm en hul verbintenis tot die Ortodoksie en die Tsaar te versterk. Opreg in sy oortuigings en meegevoer deur sy oordadige toesprake en ywer van sy gretige gehore, het Gapon sy rol as polisie agent opgegee vir dié van ʼn gewilde leier en begin met ʼn massa-beweging om die Tsaar vir hervorming deur middel van ʼn petisie te versoek. Die petisie het die "despotiese en onverantwoordelike regering" veroordeel en ook die " kapitalistiese uitbuiters, skelms en rowers van die Russiese volk aangeval en ʼn beroep op die Tsaar gedoen om vir sy volk ʼn parlement, stemreg, universele onderwys, minimum lone, ʼn agt-uur werksdag, inkomstebelasting, skeiding van kerk en staat en amnestie (algemene kwytskelding of vergifnis) vir alle politieke gevangenes te gee.

[Uit: Tames, R – *Last of the Tsars*, London: Pan McMillan]

**BRON 1B**

Hierdie visuele bron toon werkers wat besig is om in 1917 te protesteer in St. Petersburg, Rusland.




[Uit: lowmaster.net/russian+revolution+causes. Toegang op 15 Desember 2016 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit ŉ toespraak wat Lenin gegee het vir die matrose van die Kronstadt-vlootbasis wat die Bolsjewiste ondersteun het, by Lenin se terugkeer na Rusland in April 1917.

"Kameraad matrose! Ek groet julle sonder om te weet of julle glo in al die beloftes van die voorlopige regering. Maar ek is daarvan oortuig dat as hulle met julle so mooi praat, wanneer hulle julle alles belowe, dat hulle jul en die hele Russiese volk mislei. Die mense benodig vrede, die mense benodig brood en die mense benodig grond. En hulle gee jul oorlog, hongersnood, geen brood - en los die grondhere nog op die land ... Ons moet veg vir ŉ maatskaplike revolusie, veg tot die einde toe, tot die volledige oorwinning van die proletariaat. Lank lewe die Wêreld Maatskaplike Revolusie!"

[Uit: *Making History,* bladsy 112]

**BRON 1D**

Hierdie bron toon die innerlike werking en strategieë van die Bolsjewiste in die beplanning van die omverwerping van die voorlopige regering.

... Trotsky (1879-1940) was ŉ radikale Marxis, uitstekende spreker en ŉ groot ondersteuner van Lenin. Buite Petrograd het die gevoelens van die bevolking saamgeval met die Bolsjewistiese oortuigings. Die mense wou die einde van die Kerensky-regering sien, die einde van die oorlog en hulle wou nuwe grondverdeling hê. Trotsky en Lenin het die antwoorde op al hierdie begeertes gesien in ŉ Bolsjewistiese magsoorname.

Vanuit Finland het Lenin ŉ beroep op die Bolsjewistiese komitee gemaak om ŉ gewapende opstand te beplan. Baie het gedink dat dit te vroeg en roekeloos was, maar nadat Lenin ŉ geheime reis na Petrograd onderneem het en vir tien uur met hulle daaroor gedebatteer het, was die Bolsjewiste oortuig. Trotsky het die rewolusie meesterlik uitgevoer. Hy het ŉ militêr-revolusionêre komitee gevorm om die bewapening van die werkers regoor Petrograd te beheer. Fabrieksvergaderings is gehou om entoesiasme onder die werkers ŉ hupstoot te gee. Ten slotte, in die nag van 6 November (of 26 Oktober), het die gekombineerde magte van die Bolsjewistiese soldate en werkers die stad bestorm en beslag gelê op staatsgeboue. Hulle het verder gegaan deur die meerderheid in die kongres te verkry en Lenin as hul nuwe leier te verklaar.

[Uit: www.academic.mu.edu/meissnerd/russian-rev.htm. Toegang op 15 Desember 2016 verkry.]

## VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

## WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE GROOT DEPRESSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1930's?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op die sosiale gevolge van die Groot Depressie op die Amerikaanse werkersklas en die vroeë ingrypings van die regering van FD Roosevelt

Die "Stofkom"-(Dust Bowl) droogte het boerdery in die Middeweste vernietig. Dit het 10 jaar geduur, te lank vir die meeste boere om uit te hou. Om sake te vererger, het pryse vir landbouprodukte gedaal tot die laagste vlak sedert die Burgeroorlog. Soos wat die boere hul plase verlaat het op soek na werk, het hulle haweloos geword. Byna 6 000 krot woonbuurte, genoem Hoovervilles, het in die 1930's ontstaan.

Lone vir diegene wat nog steeds werk gehad het, het met 42 persent gedaal. Die gemiddelde gesinsinkomste het met 40 persent gedaal vanaf $ 2,300 in 1929 tot $1,500 in 1933. Dit is vergelykbaar met 'n verlaging in inkomste van $32,181 na $20,988 in 2016-dollar waarde. As gevolg hiervan, het die aantal kinders wat na weeshuise gestuur was met 50 persent gestyg. Ongeveer 250,000 ouer kinders het die huis verlaat om werk te soek. In 1933 is die verbod op alkohol herroep. Dit het die regering toegelaat om belasting in te samel op die alkohol-verkope wat toe gewettig is. FDR het die geld gebruik om te help betaal vir die Nuwe Bedeling.

Die depressie was so erg en het so lank geduur dat baie mense gedink dat dit die einde van die Amerikaanse Droom was. In plaas daarvan, het dit die droom verander tot 'n reg om materiële voordele in te sluit. Die Amerikaanse Droom soos in die vooruitsig gestel deur die stigterslede, het die reg om 'n mens se eie visie van geluk na te streef, gewaarborg.

[Uit: www.thebalance.com/effects-of-the-great-depression. Toegang op 28 April 2017 verkry]

**BRON 2B**

Hierdie bron verduidelik die impak van die Groot Depressie en die ondoeltreffendheid van die Hoover-administrasie.

Ten spyte daarvan dat President Herbert Hoover en ander leiers die mense verseker het dat die krisis sy gang sou neem, het sake voortgegaan om te vererger oor die volgende drie jaar. Teen 1930 kon 4 miljoen Amerikaners geen werk vind nie; die getal het tot 6 miljoen gestyg in 1931. Intussen het die industriële produksie in die land met die helfte gedaal. Broodlyne, sopkombuise en hawelose mense het meer en meer algemeen geword in Amerika se dorpe en stede. Boere kon dit nie bekostig om hul oeste te oes nie, en is gedwing om dit te laat verrot in die velde, terwyl mense elders verhonger het. In die herfs van 1930, het die eerste van vier sogenaamde bank-angs-golwe ('banking panic waves') begin, soos wat 'n groot aantal beleggers vertroue in die solvensie (vermoë om in besigheid te bly) van hul banke verloor en op kontant vir hul deposito's aangedring het, en sodoende die banke geforseer het om lenings te likwideer (herroep) ten einde hul onvoldoende kontantreserwes aan te vul. Banktoelope (onttrekking van geld deur baie mense) het weer plaasgevind in die Verenigde State van Amerika in die lente en herfs van 1931 en die herfs van 1932, en teen die vroeë 1933 het duisende banke hul deure gesluit. In die lig van hierdie ernstige situasie, het die Hoover-administrasie probeer om sukkelende banke en ander instellings te ondersteun met regeringslenings; die idee was dat die banke op hul beurt aan besighede sou leen, wat hulle in staat sou stel om hul werknemers terug te kon huur.

[Uit: www.history.com/topics/great-depression.]

**BRON 2C**

Hierdie visuele bron toon mense wat regstaan vir kos by een van die sopkombuise wat die werkloses en die behoeftiges gehelp het tydens die Groot Depressie.




[Uit: www.history.com/topics/great-depression. Toegang op 28 April 2017 verkry]

**BRON 2D**

Die bron toon die negatiewe impak van die Groot Depressie op die samelewing van die Verenigde State van Amerika.

Die Groot Depressie het ŉ vinnige styging in die misdaadsyfer teweeggebring namate baie werklose werkers hul toevlug tot diefstal geneem het om kos op die tafel te sit. Selfmoordsyfers het gestyg, asook die vermelde gevalle van wanvoeding. Prostitusie het toegeneem namate desperate vroue maniere gesoek het om hul rekeninge te betaal. Gesondheidsorg was in die algemeen nie ŉ prioriteit vir baie Amerikaners nie, namate ŉ besoek is dokter vir slegs in ekstreme omstandighede. Alkoholisme het toegeneem namate Amerikaners uitlette gesoek het na wyses van ontsnapping gesoek het.

Hoër onderwys het buite bereik van die meeste Amerikaners gebly namate die nasie se universiteite moes aanskou hoe hul studentekorps gekrimp het gedurende die eerste helfte van die dekade. Hoërskoolbywoning het egter toegeneem onder mans. Omdat die vooruitsigte van ŉ jong man om ŉ werk te kry so erg laag was, het baie besluit om langer in die skool te bly. Openbare besteding op onderwys het egter skerp gedaal, wat veroorsaak het dat baie skole oopgemaak het met ŉ tekort aan personeel of gesluit het as gevolg van ŉ gebrek aan fondse.

Demografiese tendense het ook skerp verander. Huwelike is uitgestel namate baie mans gewag het totdat hulle voorsiening kon maak vir ŉ gesin voordat hulle ŉ huweliksvoorstel aan ŉ voornemende eggenoot kon maak. Egskeidingsyfers het bestendig gedaal in die 1930's. Verlatingskoerse het toegeneem namate baie mans die "arm man se egskeiding" verkies het - hulle het eenvoudig net weggehardloop vanaf hulle huwelike. Geboortesyfers het skerp gedaal, veral gedurende die laagste tye van die Depressie. Meer en meer Amerikaners het geleer oor geboortebeperking om die bykomende uitgawes van onverwagte kinders te vermy.

[Uit: www.american-historama.org/…depression/social-effects. Toegang op 3 Mei 2017 verkry.]

## VRAAG 3: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19^de EN 20^ste EEU

## HOE HET NAZI-DUITSLAND DIE MENSEREGTE VAN MINDERHEIDSGROEPE IN DUITSLAND TUSSEN 1933 EN 1945 GESKEND?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die redes wat die basis gevorm het vir die haat van en die diskriminasie teen Jode in Nazi-Duitsland.

Daar was ongeveer 525,000 Jode woonagtig in Duitsland in 1933 (0,75% van die totale Duitse bevolking). Diskriminasie teen Jode het onmiddellik begin na afloop van die nasionale bewindsoorname in 1933. Die Nazi-party het populistiese anti-Semitisme bevorder om stemme te kry. ... hulle het die Jode geblameer vir armoede, hiperinflasie (baie hoë pryse) in die Weimar-Republiek, werkloosheid, en die nederlaag tydens die Eerste Wêreldoorlog en oorgawe deur die "November Misdadigers" (bynaam gegee aan Duitse politici wat die wapenstilstand onderhandel het wat die Eerste Wêreldoorlog beëindig het) ..., Die ellende van die Duitse volk is toegeskryf aan die gevolge van die Verdrag van Versailles. In 1933 het die vervolging van die Jode aktiewe Nazi-beleid geword. Dit is eerstens verhinder deur die gebrek aan eenstemmigheid oor wie as ŉ Jood kwalifiseer in teenstelling tot ŉ Ariër; dit het veroorsaak dat wetgewers anti-Semitiese wette gekritiseer het vir hul swak gedefinieerde konsepte. Bernhard Lösener het dit beskryf as "totale chaos", met plaaslike owerhede wat enigiets vanaf volle Joodse agtergrond tot 1/8 Joodse bloed as die definisie van ŉ Jood beskou het; Achim Gercke het ⅟16 Joodse bloed aangemoedig. Dié van gemengde afkoms (*Mischlinge*) was veral problematies in hul oë. Die eerste anti-Semitiese wet wat gepromulgeer is (deur die parlement goedgekeur) het geen duidelike definisie van ŉ Jood bevat nie. Ten slotte was die maatstaf drie of vier Joodse grootouers; twee of een het van ŉ persoon ŉ *Mischling* gemaak.

Op 1 April 1933 het die Nazi boikot van Joodse besighede in die hele Duitsland begin. Slegs ses dae later is die Wet vir die Restourasie van die Professionele Staatsdiens deurgevoer, wat Jode het uit regeringsposte verban. Dit is opvallend dat die voorstanders van hierdie wet, en die duisende wat sou volg, hierdie wette as noodsaaklik beskryf as nodig verduidelik het om die insypeling van skadelike, "uitheemse-tipe"(*Artfremd*) erflike eienskappe in die Duitse nasionale of rasgemeenskap te voorkom. (*Volksgemeinschaft*). Hierdie wette het beteken dat Jode indirek en direk ontmoedig of verbied is om bevoorregte en beter posisies, wat vir die "Ariese Duitsers" gereserveer was te bekom. Van toe af is Jode gedwing om in meer ondergeskikte posisies te werk, en sodoende tweedeklas burgers geword of selfs tot die punt waar hulle "onwettig woonagtig" was in Nazi-Duitsland.

[Uit: https://en.wikipedia.org/wiki/Racial_policy_of_Nazi_Germanay. Toegang op 16 Januarie 2017 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie bron verwys na sommige van die wette wat deur die Duitse parlement deurgevoer is om segregasie teen Jode en ander minderhede te verskans.

Die Nuremberg Wette was anti-Semitiese wette in Nazi-Duitsland. Hulle is bekragtig op 15 September 1935 deur die Reichstag (Duitse parlement) by ŉ spesiale vergadering wat belê is by die jaarlikse Nuremberg Opmars van die Nazi Party (NSDAP). Die twee wette was die Wet vir die Beskerming van Duitse Bloed en Duitse Eer, wat huwelike en buite-egtelike verhoudings tussen Jode en Duitsers en die indiensneming van Duitse vroue onder 45 in Joodse huishoudings verbied het; en die Ryk Burgerskap Wet, wat verklaar het dat slegs dié van Duitse of verwante bloed in aanmerking sou kom vir Reich burgerskap; die res is beskou as staatsonderdane, sonder enige burgerskapregte. ŉ Aanvullende bevel waarin die definisie van wie as Joods beskou kan word is deurgevoer op 14 November, en die Ryk Burgerskap Wet het amptelik in werking getree op daardie datum. Die wette is uitgebrei op 26 November 1935 om Romeinse mense en Afro-Duitsers in te sluit. Hierdie aanvullende bevel het Sigeuners gedefinieer as "vyande van die rasgebaseerde staat", dieselfde kategorie as Jode

As gevolg van kommer oor buitelandse beleid, het vervolging onder die twee wette nie begin tot na die Somer Olimpiese Spele in Berlyn in 1936. Na afloop van die Nazi's se magsoorname in 1933, het hulle begin om hul beleid te implementeer, wat die vorming van ŉ *Volksgemeinschaft* (mense se gemeenskap) gebaseer op ras, ingesluit het. Kanselier en Führer (leier) Adolf Hitler het ŉ nasionale boikot van Joodse besighede op 1 April 1933 verklaar en die Wet vir die Restourasie van die Professionele Staatsdiens, deurgevoer op 7 April, het nie-Ariërs uitgesluit van die regsberoep en staatsdiens. Boeke wat as on-Duits beskou is, insluitend dié van Joodse skrywers, is vernietig in landwye boekbrande op 10 Mei. Joodse burgers is geteister en onderwerp aan gewelddadige aanvalle. Hulle is aktief onderdruk, gestroop van hul burgerskap en burgerregte, en uiteindelik heeltemal uit die Duitse samelewing verwyder.

[Uit: https://en.wikipedia.org/wiki/Racial_policy_of_Nazi_Germanay. Toegang op 16 Januarie 2017 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie bron verduidelik die implementering van die beleide van eugenetika en natuurlike seleksie onder die Nazi-regering in Duitsland. Die oorwegende bedoeling was om die Duitse nasie suiwer te hou.

Alhoewel die Jode die vernaamste teiken van die Nazi-haat was, het die Nazi's ander groepe vervolg wat hulle as ras of geneties "minderwaardig" beskou het: Nazi rasse-ideologie is gelei deur wetenskaplikes wat "selektiewe teling" (eugenetika) bepleit het om die menslike ras te "verbeter". Wette wat tussen 1933 en 1935 deurgevoer is, was daarop gemik om die toekomstige aantal genetiese "minderwaardige mense" te verminder deur verpligte sterilisasieprogramme: 320,000 tot 350,000 individue wat as fisies of verstandelik gestrem bestempel is, is onderwerp aan chirurgiese of bestralingsprosedures, sodat hulle nie kinders kan kry nie. Ondersteuners van sterilisasie het ook aangevoer dat gestremde persone die gemeenskap belas met die koste van hul sorg. Baie van Duitsland se 30,000 Roma (sigeuners) is ook uiteindelik gesteriliseer en verbied, soos Swartes, om met Duitsers te trou. Sowat 500 kinders van gemengde Afro-Duitse agtergronde is ook gesteriliseer. Nuwe wette het tradisionele vooroordele gekombineer met die rassisme van die Nazi's, wat die Roma as "ras" en "krimineel en asosiaal "gedefinieer het.

Nog ŉ gevolg van Hitler se genadelose diktatuur in die 1930's was die arrestasie van politieke teenstanders en vakbondlede en ander wie die Nazi's as "ongewenstes" en "vyande van die staat" bestempel het. Ongeveer 5,000 tot 15,000 homoseksueles is gevange geneem in konsentrasiekampe; onder die 1935 Nazi-hersiende kriminele kode; die blote veroordeling van ŉ man as "homoseksueel" kon tot arrestasie, verhoor, en vonnis op legging lei. Jehovah Getuies, waarvan daar ten minste 25,000 in Duitsland was, was verban as ŉ organisasie so vroeg as in April 1933, want die geloof van hierdie godsdienstige groep het hulle verbied om ŉ eed aan die staat af te lê of om te dien in die Duitse weermag. Hul literatuur is gekonfiskeer, en hulle het hul werk, werkloosheidsvoordele, pensioene, en alle sosiale welsyn voordele verloor. Baie Getuies is na tronke en konsentrasiekampe in Nazi-Duitsland gestuur, en hul kinders is gestuur na aanhoudingsplekke vir die jeug en weeshuise.

[Uit: www.myjewishlearning.com/article-early-stages-of-persecution. Toegang op 16 Januarie 2017 verkry.]

## BRON 3D

Hierdie bron toon hoe die Nazi-polisie 'n teken op 'n Joodse winkel plaas wat kopers aanmoedig om nie van die winkel te koop nie.




[Uit: www.myjewishlearning.com/article/1939-early-statges-of-persecution. Toegang op 16 Januarie 2017 verkry.]

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in die addendum gebruik word, is geneem of aangepas uit die volgende publikasies:

Defterios, R. et al; 2006, *Making History Grade 11*, (Heinemann)

Tames, R; *Last of the Tsars,* London (Pan McMillan)

https://en.wikipedia.org/wiki/RacialpolicyofNaziGermany

lowmaster.net/Russian+revolution+causes

www.history.com/topics/great-depression

www.academic.mu.edu/meissnerd/russian-rev.htm

www.american-historama.org/...depression/social-effects

www.myjewishlearning.com/article/eraly-stages-of-persecution

www.thebalance.com/effects-of-the-great-depression

Kopiereg voorbehou